**<u>IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA</u>**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersieningsaak Nr.: B2/2005

In die saak tussen:

**<u>DIE STAAT</u>**

en

**<u>JACOB MASOBO SETSHOHO</u>**

---

| | |
|---|---|
| **CORAM:** | **HANCKE, R** |
| **UITSPRAAK:** | **HANCKE, R** |
| **GELEWER OP:** | **14 APRIL 2005** |

---

In hierdie saak het die beskuldigde se regsverteenwoordiger aan die einde van die staatsaak aansoek gedoen om ontslag in gevolge Artikel 174 van Wet 51 van 1977. In plaas daarvan dat die Landdros die ontslag geweier het en toegelaat het dat die beskuldigde sy regte uitoefen om of sy saak te sluit of getuienis aan te bied, het hy hom skuldig bevind aan die eerste klagte van oortreding van Artikel 67(1) (a) en (b) van Wet nommer 68 van 1995 (verset teen arrestasie).

Die Landdros versoek nou, na my mening tereg, dat die

skuldigbevinding in die aangeleentheid ter syde gestel word aangesien daar ‘n onreëlmatigheid plaasgevind het tydens die skuldigbevinding van die beskuldigde.

Bygevolg word die volgende bevele verleen:

1. Die skuldigbevinding word ter syde gestel.
2. Dit word gelas dat die aangeleentheid *de novo* voor ‘n ander Landdros verhoor moet word.

**S.P.B. HANCKE, R**

/em